

UITVOERENDE OPSOMMING

Agtergrondinligting

Die impak van die voorgestelde MMSEZ Suid-terrein is geassesseer in terme van plantegroei-klarings, die installering van grootmaatsdienste en omheining van die terrein. Die omvang van sommige spesialisassesserings is egter uitgebrei om ook toekomstige beplande industriële ontwikkelings in te sluit (soos die klimaatsverandering, luggehalte en biodiversiteit verreken). Die doel was om te verseker dat, afgesien van die onmiddellike impak, 'n holistiese siening ook onderneem is vir die volle lewe van die MMSEZ Suid-terrein vir sleutelaspekte.

Die Omgewingsimpak Studie (OIS / EIA) aansoek en Omvangsbepalingsverslag (SR) is op 1 Februarie 2019 by LEDET (aangestel as die Bevoegde Owerheid) ingedien. Die SR is op 31 Mei 2019 deur LEDET goedgekeur en die OIS-proses en assesserings het begin. Die Konsep Omgewingsimpakassesseringsverslag (EIAR) is op 1 September 2020 vir kommentaar beskikbaar gestel. Die EIAR is gewysig op grond van ontvangs van kommentaar en antwoorde van Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (I&APs) en die tweede konsep EIAR is beskikbaar gestel vir openbare oorsig op 7 Desember 2020. Die Finale EIAR is op 1 Februarie 2021 aan LEDET voorgelê. Die Finale EIAR is deur LEDET hersien en hul het inligting gapings geïdentifiseer en bykomende studies, meer publieke deelname en 'n hersiene EIAR versoek.

Die spesialis verslae wat opgedateer is om die gapings aan te spreek, sluit die volgende in:

- Opedateer Biodiversiteit Verreken Verslag
- Opedateer Klimaatsverandering Verslag
- Opedateer Sosio Ekonomiese Verslag
- Insluiting van 'n Avifauna-verslag

Benewens bogenoemde, het LEDET versoek dat duidelikheid ook op die volgende verskaf word, met die fokus op die langtermynlewe van die ontwikkeling:

- Water sekuriteit vir die MMSEZ Suid-terrein
- Energievoorsiening vir die MMSEZ Suid-terrein
- Afvalverwydering vir die MMSEZ Suid-terrein

Alternatiewe geassesseer

Alternatiewe terreine is op 'n hoë ekonomiese vlak beoordeel wat gebiede soos Lephalale, Polokwane, Tubatse en die Musina-Makhado-gebied ingesluit het. Die Kabinet het die ligging en aanwysing van die MMSEZ Suid-terrein in Julie 2017 goedgekeur (LEDA, 2017) en die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) het die MMSEZ Suid op 01 Desember 2017 aangewys. Daarom is geen ander terreine op omgewings vlak geassesseer nie.

Verskeie uitlegopsies binne die MMSEZ Suid-terrein is geassesseer wat voorheen versteurde gebiede, terrein optimalisering en vermyding van sensitiewe gebiede ingesluit het (gebaseer op spesialis aanbevelings en die opgedateerde biodiversiteit verreken verslag). Die finale meester uitlegplan is gewysig om die algehele voetspoor van die projek tot 3862ha te verminder. Belangrike ekologiese ondersteunings gebiede op die terreine is uitgesluit van die ontwikkelings voetspoor (totale vermindering van 51% ontwikkelingsgebied) wat dit

beskikbaar stel vir bewaring geleenthede en die handhawing van ekologiese skakelings in die gebied. Op grond van die versagtings hiërargie wat in die hersiene voetspoor opgeneem is, word Uitleg 3 aanbeveel. Alternatiewe tegnologieë het gefokus op materiaal wat gebruik moet word vir die paaie wat 'n aanbeveling vir ondeurdringbare padoppervlakke ingesluit het in gebiede waar die nywerhede geleë en deurlaatbaar sal wees in administrasie- en woongebiede.

Biofisiese omgewing

Die MMSEZ Suid-terrein is geleë in 'n semi-droë sone noord van die Soutpansberg. Daar is gekweekte lae skaalse kommersiële velde op plase Antrobus 566 MS (975.02662 ha) en Somme 611 MS (989.295716 ha) geleë op die oostelike omvang van die voorgestelde MMSEZ Suid-terrein. Die algemene grondpatroon vir die MMSEZ Suid-terrein word geklassifiseer as nie-bewerkbare weidingsveld/ wildgrond en wildernisvermoë.

Die MMSEZ Suid-terrein val in die Musina Mopane Bosveld en word gekategoriseer as die minste bedreig. Die MMSEZ Suid-terrein is geleë in die Vhembe Biosfeer Reservaat. Dit vorm nie deel van die kern- of buffer areas van die biosfeer reservaat nie, maar is binne die oorgangsones geleë wat die ontwikkeling van volhoubare aktiwiteite moet ondersteun. Op grond van die Limpopo Bewaring Plan val die meerderheid (noordelike deel) van die MMSEZ-Suid-terrein binne die kategorie Ekologiese Ondersteuningsgebied 1 (ESA 1). Die mees kritieke gebied van biodiversiteit bewaring is geleë in die suidelike gedeelte van die MMSEZ Suid-terrein en word gekategoriseer as Kritieke Biodiversiteit Area 2 (CBA 2). Die res van die voorgestelde MMSEZ Suid-terrein is op Ekologiese Ondersteuningsgebied 2 (ESA 2), 'n gebied wat nie meer ongeskonde is nie, maar potensieel beduidende belang vanuit 'n ekologiese perspektief behou, bv. die handhawing van landskap konnektiwiteit. In terme van ekosisteme, is die voorgestelde terrein buite enige bedreigde ekosisteme geleë. Die MMSEZ Suid-terrein val nie binne enige belangrike voël areas (IBA) nie. Die Mapungubwe-, Soutpansberg- en Blouberg Belangrike Voël- en Biodiversiteit gebiede omring egter die terrein.

As gevolg van die potensiele ekologiese skakelings wat op die MMSEZ Suid-terrein teenwoordig is (meer spesifiek aan die suidelike deel van die terrein), het LEDET versoek dat die Biodiversiteit Verreken spesialisverslag bygewerk word. Daar benewens is die uitleg plan vir die verskillende voorgestelde ontwikkelings hersien om die biodiversiteit verrekenende spesialis studie aanbevelings in ag te neem. Dit het die algehele voetspoor van die finale ontwikkeling verminder. Deur 'n meer geoptimaliseerde uitleg te implementeer en sensitiewe gebiede te vermy, het die algehele projek sy voetspoor van 8013,91ha tot 3862ha verminder, wat meer as 51% van die oorspronklike terrein vir bewaring en ekologiese skakelings offer. Dit verseker dat kritieke habitate binne die MMSEZ Suid-terrein, soos aangedui deur die fauna en flora-, vleiland- en avifauna-spesialiste, bewaar word. Die verrekenende terrein opsies wat voorgestel is, sluit die volgende in:

- Terrein Opsie 1: Uitbreiding van die Musina Natuurreservaat.
- Terrein Opsie 2: Verreken op die noordelike deel van die MMSEZ Suid-terrein.
- Terrein Opsie 3: Uitbreiding van Avarel Private Natuurreservaat.
- Terrein Opsie 4: Uitbreiding van Baobab Private Natuurreservaat of die verklaring van naburige gedeeltes as 'n beskermde gebied.

Sosiale Omgewing

Drie residensiële nedersettings is binne die MMSEZ Suid-terrein studie gebied grens geleë en sal waarskynlik verskuif word sodra die gebied ontwikkel gaan word.

Watersekuriteit

Daar word erken dat die MMSEZ Suid-terrein tans beperkte toegang tot water het wat tans slegs toegang tot grondwater en die Nzheleledam insluit (wat tans vir besproeiing aangewend word) insluit. Alhoewel toegang tot groot hoeveelhede water nie 'n belangrike vereiste in die aanvanklike MMSEZ Suid-terrein instelling (hierdie OIS) is nie, is dit egter 'n kern vereiste vir enige verdere industriële ontwikkelings op die MMSEZ Suid-terrein.

Tans word drie hoof water voorsienings projekte / opsies vir die gebied beplan. Dit sluit in:

1. Die beplande Mutasshi/Musina Korridor Grootmaat Water Voorsiening, waardeur minstens 30 miljoen kubieke meter water vanaf die Zhove-dam, wat in Zimbabwe na Suid-Afrika geleë is, oorgedra sal word;
2. Ontwikkeling van die Musina dam; en
3. Toegang tot grondwater.

Daar word verstaan dat toegang tot 'n toegewyde water toevoer verseker sal moet word om voorsiening te maak vir verdere ontwikkeling van die metallurgiese spilpunt van die MMSEZ Suid-terrein.

Energie Sekuriteit

Eskom het aangedui dat hulle 5 MW elektrisiteit sal kan voorsien slegs gedurende die eerste jaar van industriële werking van die MMSEZ Suid-terrein. Om hierdie rede is verskeie ander tegnologieë en opsies ook tydens hierdie OIS oorweeg vir kragvoorsiening aan die daaropvolgende industriële ontwikkeling van die MMSEZ Suid-terrein. Hierdie opsies het voorlopig ingesluit i) gevorderde kernkrag opwekking, ii) sonkrag PV, iii) biomassa, iv) gekombineer siklus gas turbine (CCGT) en v) skoon steenkool tegnologie.

Gevorderde kernkrag opwekking is nie as haalbaar beskou nie weens die tydlyn vir die ontwikkeling en regulatoriese en lisensiasie van 'n gevorderde kernkrag sentrale, en kernkrag opwekking en die gepaardgaande gesondheids- en veiligheids kwessies daarvan. Solar PV studies het aangedui dat 'n sonveld wat 1ha van PV panele dek, ongeveer 1MW AC krag kan genereer tydens piek bestraling vlakke. 'n PV Solar plaas van ongeveer 2000ha sal in staat wees om 1320MW te genereer (MMSEZ Suid-terrein se eerste fase se aanvraag) gedurende die meeste daglig ure (nie net op die piek). Daarom is hierdie opsie nie as lewensvatbaar beskou nie. Wat biomassa en toegang tot aardgas betref, is die uitdaging dat daar tans geen natuurlike gasreserwes, nuwe eksplorاسies, pyplyne of LNG-invoerfasiliteite in die MMSEZ-Suid-terrein of omliggende gebiede is nie.

Dus word die beste beskikbare energiebronne op die oomblik beskou as 'n kombinasie tussen hernubare energie (vir toekomstige administrasiegeboue) en 'n afgeskaalde onafhanklike steenkool krag sentrale (vir toekomstige nywerhede vir 24/7 kragvoorsiening) wat krag opwekkings kapasiteit buite die staatsbeheerde krag verskaffer, Eskom, moontlik sal maak.

Klimaatsverandering

Die impak van die MMSEZ Suid terrein projek se GHG uitstoot is beoordeel in terme van toekomstige beplande industriële ontwikkelings. Dus, hoewel die huidige OIS nie 'n beduidende impak op klimaatsverandering het nie as gevolg van beperkte plantegroei klaring en konstruksie vir die grootmaat dienste en heining, was dit egter relevant om te kyk na die moontlike langtermyn toekomstige industriële impak om 'n holistiese siening te verkry.

Die verslag het die volgende belangrike toekomstige aspekte van 'n industriële ontwikkeling beklemtoon, hitte stres, water stres, ekonomiese stres en ekosisteem kwesbaarheid.

Die meerderheid van die MMSEZ Suid-terrein uitstoot sal plaasvind tydens die industriële operasionele fase met 'n verwagte HOË impak en nie tydens hierdie OIS. Om hierdie rede word aanbeveel dat die klimaatsveranderings assessering opgedateer word indien toekomstige nywerhede aansoek doen vir ontwikkeling binne die MMSEZ Suid-terrein.

Lugvrystellings

Die tydelike aard van die konstruksie aktiwiteite vir die MMSEZ Suid-terrein wat beperkte plantegroei klaring vir infrastruktuur installasie en omheining insluit, sal gelokaliseerde luggehalte impakte (hoofsaaklik stof) behels. As sodanig het die spesialis aangedui dat (met verstaning dat die vereiste versagtingsmaatreëls geïmplementeer word) magtiging toegestaan word.

Aktiwiteit behoefte en wenslikheid vir die projek

Die Suid-Afrikaanse regering het deur die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) aan die spits gestaan van die stigting van Spesiale Ekonomiese Sones (SEZ's) regoor die land se nege provinsies met die doel om buitelandse direkte belegging (FDI) te lok, die produksie en uitvoer van waarde toegevoegde produkte en die skepping van 'n gunstige omgewing vir werk skepping te versnel. Die Kabinet keur die aanwysing van die MMSEZ Suid in Julie 2017 (LEDA, 2017) goed en die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) het die MMSEZ-Suid op 01 Desember 2017 aangewys. Die MMSEZ Suid-terrein vorm deel van die Trans-Limpopo Ruimtelike Ontwikkelings inisiatief (SDI) en is ontwikkel as deel van groter streeks planne om belegging en ekonomiese groei te ontsluit en die ontwikkeling van vaardighede en indiensneming aan te spreek.

Die voorgestelde Makhado-Musina SEZ Suid (MMSEZ Suid) terrein is ideaal geleë op die N1 noord-suid gang. Die voorgestelde terrein is naby aan beskikbare grond, bestaande infrastruktuur skakelings, naby bronne van grondstowwe en markte.

Vereiste vir 'n Omgewings impak assessering (OIA/ EIA)

Ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur [NEMA], 1998 (Wet No. 107 van 1998) soos gelees met die IA Regulasies, 2014 (soos gewysig) gepromulgeer onder Hoofstuk 5 van die NEMA gepubliseer in GN R327, R326, R325 en R324 in Staatskoerant 40772, gedateer 4 Desember 2014, word 'n volledige omvangsbepaling en OIS-proses benodig vir die voorgestelde projek aangesien dit verskeie aktiwiteite bevat wat goedgekeur moet word.

Impak assessering en bestuur

Die impakmetodologie om die betekenis voor die impak te bepaal en na die impak word in Hoofstuk 4 verskaf. Alle impakte geïdentifiseer en geassesseer, sowel as die voorgestelde versagtingsmaatreëls en bestuursaksies, kan gevind word in Hoofstukke 6 en 7 van hierdie verslag. Daarbenewens is al die versagtings- en bestuursmaatreëls wat deur die spesialiste voorgestel word, insluitend die bykomende impakte en bestuursmaatreëls wat deur die Omgewingsassesseringspraktisyn (EAP) geïdentifiseer is, by die EMPr (Aanhangsel AA) ingesluit.

Die OIS het ten doel om die impak wat verband hou met die aktiwiteite aan te spreek, maar dit het ook 'n breër siening oor toekomstige verwagte industriële ontwikkelings ingesluit.

Openbare deelname

Verskeie nie-regeringsorganisasies (NRO's), belang hebbendes, regerings departemente, tradisionele gemeenskapslede, tradisionele gemeenskapsleiers en belang hebbende en geaffekteerde partylede het deelgeneem aan die openbare deelnameproses wat vanaf die vooraansoekfase van die projek tot 31 Januarie 2021 begin het. 'n Bykomende ronde openbare deelname is aan die gang, om PPP-kommentaar deur die owerheid aan te spreek en geregistreerde I&AP's 'n verdere geleentheid te bied om kommentaar te lewer op die wysigings.

Sodra hierdie proses afgehandel is, sal die Aanhangsel G (Kommentaar Ontvang) en Aanhangsel H (Kommentaar en Antwoorde verslag) bygewerk word.

Projek algehele EAP se mening

Die huidige OIS vir plantegroeiaklaring vir grootmaatsdienste en omheining sal 'n beperkte en mediumtermyn-omkeerbare impak op die terrein hê. Dit is egter belangrik dat ekologiese “geen ontwikkelings areas” gebiede duidelik afgebaken word en dat die ekologiese skakelings met aangrensende grondgebruike gevestig word.

Die voorgestelde ontwikkeling kan egter nie in isolasie gesien word nie, aangesien dit die terrein vir toekomstige industriële ontwikkelings sal voorberei. Aangesien industriële ontwikkelings egter genoteerde aktiwiteite ingevolge die IA-regulasies van 2014 sal aktiveer, soos gewysig, sal elke ontwikkelaar vereis word om 'n alleenstaande OIS te onderneem.

Die sosio-ekonomiese spesialis studie het aangedui dat die MMSEZ Suid-terrein moontlik ekonomies en sosiaal betekenisvol sal wees en volhoubare werksgeleenthede in Limpopo-provinsie skep.

Die pad vorentoe

Die publieke deelname en omgewings impak proses het die geleentheid gegee om te help met die identifisering van kwessies en potensiële impakte. Die Finale EIAR het alle kommentaar wat van IPP's ontvang is, geïnkorporeer en is aan LEDET voorgelê vir 'n besluit oor die voorgestelde ontwikkeling. Hierdie uitvoerende opsomming van die Finale EIAR (hierdie dokument) is aan alle geregistreerde IPP's versprei.

Die Finale EIAR kan ook verkry word as 'n elektroniese kopie op EXS se web tuiste.

Die Finale EIAR is aan alle relevante owerhede versprei en aan LEDET versprei vir 'n besluit oor omgewingsmagtiging. Alle relevante owerhede en IPP's wat vir die proses geregistreer is, sal ingelig word sodra 'n besluit deur LEDET gekommunikeer word.